**<u>31 Mei 2026</u>**

**<u>Eerste diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Sing: Ps. 105:1,2; Ps. 105:3; Ps. 32:1,6; Ps. 65:2; Ps. 89:15,18.

**<u>Lees:</u>** Klaag. 5:1-22

**<u>Teks:</u>** Klaag. 5:21

**<u>Tema:</u> Op grond van God se heerskappy in Christus sal Hy ons bekeer dat ons vernuwe word.**

**Ellende bring ons tot verootmoediging**

In die kerkverband het ŉ oproep uitgegaan dat ons vandag sal inrig as ŉ dag van verootmoediging vanweë verskillende beproewinge in die land en in die wêreld. In die boek Klaagliedere beskryf Jeremia die ellende van die ballingskap waarin die volk verkeer. Die oorsaak hiervan was dat hulle die insettinge van die Here en sy wet geminag het, daarom het Hy hulle in sy regverdige oordeel in ballingskap laat wegvoer. Ware verootmoediging begin by die besef dat ons teen die Here oortree het en dat Hy daarom sy tugtende oordele oor ons gebring het.

**Verootmoediging rig ons tot bekering**

Die ellende waarin die volk van die Here verkeer bring hulle tot die besef dat hulle verkeerd gehandel het. Om weer reg voor die Here te leef moet hulle tot bekering gebring word. Bekering is ŉ verpligting waartoe die Here ons roep, maar dit is ook ŉ gawe wat Hy gee. Die mens kan en wil nie uit homself tot die Here terugkeer nie, daarom bid die profeet dat die Here hulle sal bekeer. Die trou van die Here is groter as die ontrou van sy volk. Deur die genade wat in Christus aan ons betoon word sal hy sy kinders weer tot gehoorsaamheid aan Hom rig.

**Bekering loop uit op vernuwing.**

Die bekering van die volk kan alleen geskied wanneer hulle totaal vernuwe word. In die profesie van Jeremia verkondig hy die hoop dat die Here weer ŉ nuwe verbond met sy volk sal oprig en dat hulle met ŉ nuwe gehoorsaamheid die wil van die Here sal doen. Hy het die verharde harte weer sag gemaak sodat die kinders van die Here hom weer sal soek. In Christus word die nuwe verbond ook vir ons weer opgerig sodat ons sal leef om die Here se wil te soek en dit uit dankbaarheid te doen.

**<u>Aanddiens.</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 33:1,7; Ps. 103:7,9; Ps. 103:10,11.

**<u>Lees:</u>** Rom. 8:1-17; Son 46

**<u>Teks:</u>** Rom. 8:15-16

**<u>Tema:</u>** Ons bid as afhanklike kinders met ootmoed tot ons Vader.

***Ons bid tot ons Vader***

Dit is nie net noodsaaklik dat ons sal bid nie, maar ook dat ons reg sal bid. Om reg te bid eis dat ons die Here reg sal aanroep, want daarin erken ons wie die Here is en wat ons eie posisie is. In Romeine 8 word ons voor die heerlike realiteit gestel dat die Here die Heilige Gees aan ons gegee het en dat ons nou kinders van God is. Die implikasie hiervan is dat die Here ons Vader is en dat ons Hom so sal erken. Hy het nie ons Vader deur die verloop van die geskiedenis geword nie, maar was dit van die begin af. In die Here se Vaderskap erken ons sy nabyheid aan ons.

***Ons bid as kinders.***

Die heerlike wete dat ons ‘n Vader het wat ons versorg, bring ons onder die besef dat ons kinders dan kinders van ons Vader is. Ons kindskap het wonderlike implikasies vir ons gebedslewe. In ons belydenis word die effek van ons kindskap duidelik gemaak. In die eerste plek beteken ons kindskap dat ons vir die Here kinderlike vrees moet hê wanneer ons Hom aanroep. In die tweede plek beteken ons kindskap dat ons ons Vader met ‘n kinderlike vertroue sal aanroep. Ons is in Christus as kinders in die huisgesin van God gestel sodat ons Hom as ons Vader kan verheerlik en dien

***Ons erken God se heerlikheid***

In die aanhef van die gebed spreek ons God as Vader aan, maar ons bid ook tot Hom wat in die hemele is. Dit beteken nie dat ons Vader ver van ons is nie, maar wys op sy koninklike heerlikheid en eer. In sy heerlikheid regeer Hy in ons lewe en versorg ons met sy goeie gawes. Daarom kan ons van Hom alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het. Waar ons die heerlikheid van die Vader erken wek dit in ons vrees en vertroue.